Pragtige filantroop

Glanspop raak betrokke by projek vir gratis onderrig in Afrika

CHRISTIAAN CLOETE

Thabo Mbeki het die Suid-Afrikaans gebore glansmeisie Nicola Breytenbach sover gekry om betrokke te raak by liefdadigheid in Afrika.

Dié beeldskone blondine, wat 'n wêreldberoemde supermodel is, het dit vandeesweek eksklusief uit New York aan *Sondag* vertel.

Nicola bewys nou dat sy ook 'n bedrewe filantroop is.

Die glanspop is een van talle bekendes, soos die Amerikaanse kulkunstenaar David Blaine, die rapper LL Cool J en die wêreldbekende hip-hop-sakeman Russell Simmons, wat hul gewig agter die liefdadigheids-fonds Diamond Empowerment Fund (DEF) ingegooi het.

Dié organisasie help om universiteite in Afrika te bou.

Dit samel ook geld in vir opvoedkundige inisiatiewe vir arm Afrika-lande waar diamante 'n natuurlike hulpbron is.

Thabo het Nicola Breytenbach by liefdadigheid betrek.
FOTO: Christiaan Cloete

Nicola Breytenbach en haar man, Ben Steiner.

Nicola sê sy het Thabo Mbeki drie jaar gelde by 'n byeenkoms ontmoet waar hy haar gevra het om 'n positiewe bydrae tot die land te maak.

"Die woorde het my bygebly," sê sy.

Hulle help reeds 3 400 studente om gratis onderrig te word by die Cida City Campus in Johannesburg, wat hulle help stig het.

Daar is ook planne om die Cida-model na ander provinsies en ander Afrika-lande uit te brei.